# Sondag, 13 Augustus 2023

**Skriflesing:** Openbaring 1:1-8

**Tema:** God is die Alfa en die Omega!

### Skriflesing:

**Openbaring 1:1-8**

**Voorwoord**

[1]Wat hier volg, is deur Jesus Christus geopenbaar. God het die openbaring oor wat binnekort
moet gebeur, vir Hom gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel gestuur
om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien. [2]Johannes is die getuie van wat God gesê en wat
Jesus Christus bevestig het; hy getuig van alles wat hy gesien het.

[3]Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat
ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby.

**Aanhef van die brief**

[4]Van Johannes.

Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor
sy troon, [5]en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan
het, die heerser oor die konings van die aarde.

Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos [6]en ons sy koninkryk gemaak,
priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!
Amen.

**Tema van die boek**

[7]Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en
al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag.

Ja, dit is seker!

[8]"Ek is die Alfa en die Omega," sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

***"Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God."* – Johannes 8:47a**

## PREEK

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:**

Het jy al deur die laaste boek van die Bybel gelees?

Gewoonlik as mense die Bybel aanpak dan begin hulle by Genesis, maar mens lees nie noodwendig dwarsdeur die Bybel om tot by die boek Openbaring te kom nie.

Sommige mense lees net gedeeltes van Openbaring.

Ander soek net na die verskillende beelde in Openbaring.

Ander luister meer na wat sekere mense sê van Openbaring, maar lees nie regtig self daardeur nie.

Party mense probeer nie eers dit lees nie, want dit klink te vreemd vir hulle.

Nog ander lees dit wel, maar weet nie regtig wat om daarmee te maak nie.

Waar pas jy in?

Ons gaan so paar Sondae gebruik om ‘n bietjie na Openbaring te kyk. Openbaring rond eintlik die Bybel af. Waar die Bybel boek, Genesis, begin by die begin, lei Openbaring jou na die einde van ‘n era tot in die ewigheid in.

Kom ons kyk vandag so bietjie inleidend na Openbaring. U sal hopelik ontdek dat as jy bewus is van sekere waarhede, dan word hierdie boek eintlik vir jou ‘n boek wat jou aanmoedig, jou verseker en jou bemoedig.

**Uitbou**

Heel eerste het ons vir Johannes wat by Jesus hoor wat aan die gebeur is en wat vir elke gelowige voorlê. Ons het gehoor in # vers 1 –

*God het die openbaring oor wat binnekort moet gebeur, vir Hom(Jesus) gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien.*

In Openbaring het ons dus te doen, met Johannes se visioen wat getuig dat

1) Jesus sal terugkeer
2) Dat alle boosheid finaal oorwin sal wees

3) Dat daar ‘n laaste oordeel sal wees; vir ewige lewe of die ewige straf.

Broers en susters, vir ons om Openbaring op ‘n eerlike korrekte wyse te lees en te verstaan het ons agtergrond nodig. En ek wil vanoggend vir u hierdie agtergrond gee. Dis nodig dat ons sekere dinge moet weet voordat ons na Openbaring kan kyk.

Eerstens moet u kennis neem van ‘n paar karakters. Een van hulle is Keiser Nero van Rome. Hy het van 54 tot 68 nC geregeer oor die Romeinse ryk. Hy het baie Christene vervolg, maar dis nie in sy tyd waarin Openbaring geskryf is nie, maar hy het ‘n bepaalde gevoel en persepsie oor Christene agter gelaat.
Openbaring is eers geskryf, om en by, 93 of 95 nC toe, ons volgende karakter, keiser Domitianus oor die Romeinse ryk geheers het. Sy regeringstyd was om en by tussen 81 nC tot 96 nC. En dis in sy tyd wat Openbaring geskryf is.

Hy was ‘n afskuwelike karakter – Hy het homself as god voor gedoen. Al die kolonies, van Rome, moes hom aanbid.  Een van sy belangrikste areas – Klein Asië(vandag se Turkye) is waar mense hom moes aanbid.

Johannes was die leier van die # 7 gemeentes in Klein Asië. Die Christene in Klein Asië het gesê hulle buig nie voor die keiser nie, maar net voor Christus.

Domitianus het gesorg dat mense nie kon koop of verkoop as hulle hom nie aanbid het nie. En daarvoor moes mense ‘n merk dra, op hulle voorkoppe of regter hand, om te wys hulle aanbid die keiser en dan kan hulle koop en verkoop. Hierdie merk was maar ‘n teken van eiendom.
Daar is waarskynlik vir Johannes gesê dat die Christene moet die keiser aanbid. Johannes het gesê – nee – en daarom beland Johannes op Patmos. Hy sit op Patmos en hy skryf dan ‘n bemoedigende boek aan die gemeentes in Klein Asië.

Hy skryf en sê basies dat dit lyk dalk of die duiwel – Domitianus – aan die wen is, maar eintlik is God nog altyd in beheer. Johannes probeer om die gordyn van skeiding tussen die aarde en die hemel, deur hierdie openbaring, uit te wys. Hy wys dus vir die mense van die gemeentes wie regtig op die troon sit in die hemel en wie regtig in beheer is.

Die hele boek is ‘n openbaring. Die mense, die gelowiges in Klein Asië, ervaar ‘n realiteit van slegte omstandighede, maar Johannes probeer vir hulle vertel dat daar is ander realiteite. Dit is ‘n realiteit waar God op die troon sit in die heelal. Johannes wil deur die Openbaring boek die gordyn oop trek sodat ons kan sien wie op die troon sit.

Openbaring is ‘n tipe literatuur soort. Ons noem die literatuur soort ‘apokaliptiese literatuur’.
‘Apokalipsus’ – is die Griekse woord vir openbaar.
Of ‘apokaliptoo’ beteken – ek openbaar.
Of ‘apokaliptei’ – om te openbaar.
Wat ons moet weet is dat apokaliptiese literatuur was geskryf in baie moeilike omstandighede en daarom is die taalgebruik wat in hierdie tipe literatuur gebruik word baie beskrywend, met baie beelde en simboliek.
Die simboliek word juis gebruik om mense uit hulle swaar omstandighede te lig en vir hulle ‘n prentjie te gee van ‘n beter realiteit waaraan hulle kan vashou.
Daar word gepraat van ‘n dier uit die aarde en ‘n dier uit die see.
Ook die perde ruiters.
Daar is die merk van die dier.
En later die vuurpoel waar die satan in gegooi sal word.
Daar is die toonkamer van God.
Johannes was ‘n tipe predikant of pastoor, maar hy was ook ‘n digter en daarom sien ons al hierdie beelde.

Openbaring is nie kode taal gewees nie. Daar is mense wat dink Johannes het met kode taal, beelde, probeer kommunikeer met die gemeentes in Klein Asië, terwyl hy verban is op die eiland, Patmos. Maar Johannes het nie probeer om iets weg te steek oor wat hy eintlik vir gemeentes wou sê nie. Inteendeel, die antieke mense het hierdie soort literatuur geken en verstaan.

Daarom sien ons ook baie kleure wat sekere simboliese betekenis gehad het.
Rooi – wreedheid.
Swart – tekort.
Vaal groen – dood of lyding.
Wit – reinheid, heiligheid en oorwinning.
Goud – koningskap.

Daar is diere wat gebruik word wat simboliese.
Leeu – koningskap.
Bul – krag en mag.

Gebeure – aardbewings, donderslae – komende oordeel.

Getalle speel 'n groot rol.
3 – God.
4 – Geskape werklikheid, soos die vier windrigtings en vier uithoeke van die aarde.
6 – onvoltooide getal.
7 – goddelike getal.
10 – voltooide getal.

So is daar dwarsdeur die boek Openbaring hierdie simboliese taal wat 'n mense van moet bewus wees sodat ons kan hoor wat die eerste gelowige lesers gehoor het. Dit was 'n boodskap vir hulle, maar ook 'n bemoediging vir hulle toekoms in 'n realiteit by God. En soos dit vir daardie gelowiges 'n pragtige toekoms aan gedui het, word dit ook 'n aanduiding vir die toekoms van gelowiges vandag.

Die oorkoepelende boodskap van Openbaring wil sê –
Dit mag dalk lyk of die satan en die korrupte magte van die wêreld in beheer is, maar agter die gordyn, waar aarde en hemel skei van mekaar, sit God op sy troon en Hy is in beheer van die geskiedenis en Hy hou jou lewe in Sy hand vas.
Daarom maak elke mens se lewe sin, daarom tel jou lewe het dit groot betekenis en omdat God in beheer is kan jy die opgestane Here Jesus ontdek, ken en aanbid te midde van moeilike omstandighede.

Wat vat u huis toe vandag?
Ek wil graag hierdie waarhede van ons gelese gedeelte vinnig deel.
# **Eerstens –**
3 *Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby.*

Johannes sê heel aan die begin dat ek en jy van God se oorwinning oor boosheid, sonde en slegte mense moet weet. Ook moet ons weet hierdie profesie duidelik maak dat Jesus terugkom om vir altyd alles reg te stel. Ook moet ons weet dat kinders van God seën ontvang tot in ewigheid en jy en ek is reeds deel daarvan, daarom die woorde - [3]*Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees.*

**# Tweedens –**

*Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon,*

Deur vers 4 sê Johannes vir die gelowiges dat ons genade ontvang, wat beteken dat ons wat glo en kies om in liefde te leef, soos Jesus Christus, ontvang onmiddellike genade en is ons oordeel, wat oor ons sal kom, 'n oordeel na die ewige lewe en dit bring vir ons vrede!

Dit word verder bevestig in vers 5b –

*Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos*

**# Derdens –**

[8] *"Ek is die Alfa en die Omega," sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.*

Elke gelowige moet hierdie woord regtig begryp en ter harte neem.

Hoor mooi – begryp – d.w.s – om regtig te verstaan.

Hoor ook – ter harte neem – d.w.s – jy moet dit regtig waar koester in jou hart. Jy moet in jou wese tevrede wees en totaal en al aanvaar dat jou Vader, die enigste God, die Alfa en die Omega is. M.a.w. die begin en die einde van alles.

Onthou, Alfa is die eerste letter van die Griekse alfabet terwyl die Omega die laaste letter van die Griekse alfabet is. God is die mense begin en einde! Dis hierdie God wat jou Vader is.

**Slot**

Broers en susters, Openbaring is vir elke gelowige geskryf om ons te bemoedig.

As jy swaarkry of getoets word in jou lewe, praat God deur hierdie geskrif met jou, net soos Hy gepraat het met vervolgde Christene.

Hy wil hê ons moet altyd onthou dat al lyk die wêreld vir ons onderstebo, hou Hy alles regop.

Al het ons geen antwoorde nie, kan ons dit by Hom vind.

En wanneer ons krag te min geword het, gee Hy krag aan elke een wat Hom daarvoor vra.

Neem huis toe vandag dat:

God oorheers oor alles.

Jy sy liefde ontvang en dit werd is, ongeag die wêreld se opinie.

Jy reeds, weens jou geloof in Jesus Christus, deel het aan die ewige paradys en niemand kan dit by jou wegneem nie.

**Amen**